dumela

September 2009 - 5

Amptelike nuusblad van die personeel van die UV • Official newsletter of the staff of the UFS

# Kovsies verloor krag!

*Daar is reeds maatreëls om energie te bespaar in plek, maar elke student, dosent en werknemer van ons universiteit sal moet help! Onthou, elke eenheid elektrisiteit wat ons bespaar, maak 'n verskil. Niemand het meer 'n keuse nie, ons aarde bloei. En op ons Hoofkampus is genoeg insig, kennis en omgee om 'n gesonde toekoms te help skep.*


PEOPLE


GEBEURE


NEWS

Soos gewoonlik, neem Kovsies die voortou – Vergeet-My-Nie-koshuis se warmwaterstelsel sal voortaan met 'n nuwe hittepomp wat met sonpanele geïntegreer is, verhit word. Dit is 'n eerste vir Bloemfontein, en net 'n klein deel van ons universiteit se plan om energie te bespaar.

## Wat doen ons?

Energiemeters vir die UV-Sasol-biblioteek, Rekenaarlaboratoriumgebou, François Retief-gebou en Steyn-substasie word ook as 'n loodsprojek beplan met toekomstige initiatiewe vir Suid- en Qwaqwa-kampusse. Die inligting op hierdie nuwe energiemeters sal oor 'n afstand afgelaai kan word. Gevolglik kan statistiek van lasprofiele gebruik word om energiebesparingsplanne te formuleer. Energiebesparingsinligting sal nie net agter die skerms beskikbaar wees nie. Elke persoon op kampus wat besig is om op 'n rekenaar te werk sal presies weet wat die huidige kragverbruik is. Danksy 'n lewendige of *real-time* meting, sal kragverbruikboodskappe na rekenaars gestuur word, baie soortgelyk aan die *Power Alert*- boodskappe wat op SABC verskyn.

Geboubestuurstelsels (BMS) is reeds in plek. Die sentrale lugversorgingstelsel op kampus word deur die BMS bestuur, wat beteken dat dit beurtelings vir kort tye met afstandbeheer afgeskakel kan word. So kan die las, indien nodig, verminder word.

Die volgende geboue het ook al 'n 'groener' kleur gekry:

- Argitektuur: Bewegingsensors word aangebring om die aan- en afskakel van ligte te beheer.
- Genmin-Lektorium: Daar is 'n 40% besparing bewerkstellig deur 160 bestaande ligte met energiebesparende ligte te vervang.
- Geologie-lesingsaal: Dieselfde besparing is verkry deur 36 bestaande ligte met energiebesparende ligte te vervang.
- Winkie Direko-gebou: Hier is 'n totaal van 354 bestaande ligte met energiebesparende ligte vervang.
- Die George du Toit-gebou en UV-Sasol-biblioteek: In die proses om bestaande ligte met energiebesparende ligte te vervang. Die George du Toit-administrasiegebou se hysers word ook vervang met energiebesparende motors en beheersisteme.
- Landbougebou: Die nuwe hysbakmotor en beheerstelsel gebruik minder energie.
- Rekenaarlaboratoriumgebou: Die temperatuurstelpunt van die lokale is op 22 °C vasgestel.

Heelparty koshuise is ook al van energiebesparende lampies, wat gratis deur ESKOM verskaf is, voorsien.

Ondersoeke na energiebesparende ligte vir die Suid- en Qwaqwa-kampusse word in die nabye toekoms voorsien wat moontlik gedeeltelik deur die ESKOM Laskantbestuur-projek befonds sal word.

## Hoekom doen ons dit?

- Dit word van ons verwag. Die regering en plaaslike owerhede plaas druk op alle instansies om energie te bespaar. Hierdie tendens sal na verwagting tot en met 2014 volgehou word, wanneer bykomende kragstasies in bedryf gebring word.
- Dit maak ekonomiese sin. Na raming het ons energieverbruik vanaf 2004 tot nou vermeerder en daar is jaarliks ongeveer 'n 34% verhoging in die prys van elektrisiteit.
- Ons wil. Elkeen het 'n verantwoordelikheid teenoor die planeet. Jy hoef net om jou te kyk om te sien hoeveel skade ons reeds gedoen het. Spesies sterf uit. Temperature wêreldwyd raak by die dag vreemder. Ons water is min. Kos is skraps. En ons dae om die skade ongedaan te maak, raak min. Dit is tyd dat ons teruggee wat ons so mildelik ontvang.

## Wat kan jy doen?

Elkeen op kampus kan saamwerk en help met ons besparingsprojek. Hier is 'n paar riglyne wat julle kan volg. Al klink dit eenvoudig en holrug gery, is daar tog steeds heelwat mense wat nalaat om dit te doen:

- Skakel slegs ligte en lugverkoeling in kantore en geboue aan wanneer dit regtig nodig is. Skakel dit af na gebruik of wanneer die kantoor of gebou vir 'n lang ruk nie gebruik gaan word nie.
- Moet asseblief nie elektriese ligte aanskakel nie, wanneer natuurlike lig genoegsaam is.
- Trek volgens die weer aan om sodoende die onnodige gebruik van verwarmers of lugverkoelers te beperk.
- Probeer ook om van natuurlike ventilasie, eerder as lugverkoelers of waaiers gebruik te maak.
- Indien lugverkoeling wel aan is, sorg dat alle deure en vensters toe is.
- Beperk die gebruik van warm water, veral wanneer jy jou hande was. Koue water en seep werk net so goed.
- Probeer om 'n ketel, eerder as 'n kookwater-urn te gebruik, veral as jy net 'n paar koppies water wil kook.
- Gebruik jou rekenaar se 'slaap'-funksie wanneer jy dit vir 'n ruk lank nie gebruik nie.
- Wanneer jy jou rekenaar vir langer as 'n uur nie gaan gebruik nie, skakel die monitor af.

Fisiese Hulpbronne is op die oomblik besig om statistiek voor te berei waarmee Kovsies se energieverbruik met dié van ander universiteite vergelyk sal kan word. En ons glo dit sal goed lyk! Ons is baie trots op al die maatreëls wat reeds in plek is en weet dat ons, met almal se samewerking, nog beter op hierdie gebied sal vaar.

**- Cindé Greyling**



An architectural presentation of the new buildings for the Faculty of Economic and Management Sciences.

# from the editor



Generosity: a concept that I often hear being used by our Rector, Prof. Jansen. When applied, I believe that, together with respect, caring, fairness and hard work, it will make our university not only the best tertiary institution in the country, but also a place where everybody will enjoy working and studying.

Although there is room for improvement in the generosity compartment, we are already in the position to tell a few success stories about colleagues with open hands who were willing to walk the extra mile just to make a difference, a difference in the lives of staff and students, but also in the lives of people from the greater Bloemfontein community.

The initiatives of the staff from the UFS Sasol Library, UVPERSU and UFS Marketing – to mention but a few – to collect food, blankets, money and other necessities really made a difference in the lives of the respective recipients. Who would not appreciate a warm cup of hot chocolate while working on a cold winter's day?

Another example of generosity is of course to not be shy with encouraging others and our "Thank you's". Judge Louis Harms's letter on this page is a great example of that.

Prof. Engela Pretorius, former Vice-Dean of the Faculty of the Humanities, and Zuki Ketiwe, from the library on the Qwaqwa Campus are also two great examples of staff members giving to others. They are both making a difference in helping others to better themselves.

Do not forget about our students. They are also making a contribution. Read about the two fourth-year Social Work students who have embarked on a mission to fight crime and alcohol abuse among the youth of Philippolis.

I also invite you to read this edition's Vox Pop on page 8. When it comes to interacting with persons with disabilities, our colleagues will go to extremes to accommodate them, from collecting the necessary funds and clearing misconceptions, to accepting, accommodating and respecting them.

It is once we start giving that we find purpose and meaning. Barbara Bush once said, "Giving frees us from the familiar territory of our own needs by opening our mind to the unexplained worlds occupied by the needs of others."

I dare you; I believe the reward will be great!

Leonie

# Water is being wasted

Dear *Dumela*,

Water is being wasted on our Main Campus. One frequently sees sprayers that have been left on too long, resulting in water that streams over the tops of plant containers, or off lawns, forming a river down the road. Seeing that we live in a semi-desert, I feel that it is scandalous.

I get the impression that the gardeners who appear to be in charge of the irrigation have not been properly trained in good environmental practice. The systems are often turned on in the middle of the day when evaporation is at its highest. They are also clearly not aware that the soil here in Bloemfontein is clay-rich, and that short periods of irrigation, frequently repeated, would be much more beneficial (both for the plants and for our university's budget) than a single, long session once in a while.

We have more than enough expertise here on campus to do the research necessary to determine the optimal conditions for effective irrigation of our gardens. (Maybe it has been done already?) Such information would of course be very useful to all gardeners and farmers in and around Bloemfontein. However, until we follow best practice ourselves, it would be a cheek to expect it of the community around us.

Sincerely, Marian Tredoux (Geology)

***Grounds Maintenance: Irrigation replies:***

Unfortunately we have to agree with the writer that water wastage does occur to a certain degree when watering the lawns etc. At this stage it is difficult to have absolute control over the irrigation because the person who opens the irrigation is frequently not nearby to see when a sprayer gives a problem or when there is too much run-off of water. In order to irrigate a large enough area, the person opens a few valves at the same time and, because of the extent of the area, he cannot sometimes pay the necessary attention simultaneously to all the irrigation stations. Another factor that contributes to this perception of water wastage is that some areas are lower than others and that while run-off from this area is much quicker, the areas that are at a higher level need to be irrigated for a longer period. Even after a valve has been closed, we find that sprayers at a lower level still produce water for a period of time and contribute to run-off water. The general view is that about 10% of water is lost in this way.

Measures are however being taken to conserve water as far as possible. For instance, there is an ongoing process to upgrade the irrigation on our Main Campus by installing computerised irrigation whereby it can be set according to certain requirements. This is also not the alpha and the omega. The other system that we are implementing is by making use of a central PC with modems attached and which communicates on the basis of cell phone technology. The advantages of this system seem to be quite comprehensive.

Irrigation and maintenance of the grounds on campus is one of our core businesses and therefore the horticulturist of our university is well aware of the composition of the soil, frequency of irrigation, time and length of irrigation, water consumption, cost of irrigation, the effect of mulching, scarifying, the effect on the budget, etc. The effectiveness of irrigation is therefore dependent on practical circumstances, funding, labour and other aspects. Taking these aspects in consideration, staff and students are very welcome to make recommendations to improve the situation. All future enquiries in this regard may be directed to our Help-desk at x2855.

Ria Deysel, Physical Resources

# Dankie vir die eer

Regter Louis Harms, Adjunkpresident van die Hoogste Hof van Appél het vandeesmaand 'n eredoktorsgraad van ons universiteit ontvang. Hy het ook sy verlede jaar sy intreerede in die Departement Handelsreg gelewer. Regter Harms skryf:

JUDGES' CHAMBERS
SUPREME COURT OF APPEAL
P.O. BOX 258
BLOEMFONTEIN
9300

FAX: (051) 447 8098

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REGTERSKAMERS
HOOGSTE HOF VAN APPèL
POSBUS 258
BLOEMFONTEIN
9300

FAKS: (051) 447 8098

26 Junie 2009

Die Dekaan: Regsgeleerdheid
Universiteit van die Vrystaat
Bloemfontein.

Geagte prof. Henning

Dankie vir u brief van 17 Junie. En besondere dank vir die buitengewone eer wat die Universiteit my laat toekom het. Dit was onverwags en 'n groot verrassing. Ek het nie juis enige 'rechtswissenschaftliche' pretensies nie.

Dis ook 'n voorreg om aan u Universiteit op hierdie wyse gekoppel te kon word. U het al soveel vir die Appèlhof beteken – inderdaad is u die enigste universiteit wat aandag aan ons gee.

As my bydrae aan u fakulteit tot dusver maar eina was, vra ek om verskoning. Ek sien darem dat my intreerede gepubliseer is in die Tydskrif. Dit word binnekort in 'n internasionale tydskrif geherpubliseer.

Nogmaals dankie.

Die uwe

Louis Harms

## details

*Dumela* is compiled by the Division Strategic Communication at the University of the Free State

**Editor:**
Leonie Bolleurs
051 401 2707 / 0836455853
bolleursl.stg@ufs.ac.za

**Layout and printing**
Xpozure / 051 448 9231

[MY VIEW]

# Ekonomiese resessie, **wat nou?**

**Deur prof. Johan Willemse.**

Ons word daagliks blootgestel aan mediaberigte oor die ekonomiese resessie wat internasionaal hopelik naby sy laagtepunt is, asook die verswakking in die Suid-Afrikaanse ekonomie, terwyl banke se slegte skulde toeneem en al hoe meer gesinne in 'n geldelike knyp raak. Ja, rentekoerse het weer verlaag en dit help beslis vir diegene wat aan groot skuld blootgestel is wat in die beter tye aangegaan is. Maar sake is nog ver van normaal. Daar is natuurlik baie kundiges wat advies gee en aan ons gewone sterflinge aanbeveel dat dit nou die tyd is om jou skuld te betaal!

Goeie genugtig, hulle leef seker op 'n ander planeet, want dit is so goed om te wil sê as jy siek is, moet jy gimnasium toe gaan, hard oefen en jou vitamines drink. Dan sou jy nie siek geword het nie!

Die feit is, die ekonomie en markte beweeg in siklusse. Dit verg besondere moed en geduld om die siklusse in die gewone huisgesin se geldbeplanning in ag te neem. Ons is nou in 'n erge daalsiklus en diegene wat in die goeie jare geld gespaar het, is nou in 'n besonder gunstige posisie om te beding en bates teen baie billike pryse te kan koop! Dit is wat ons behoort na te streef, naamlik om die ekonomiese en rentekoerssiklus te benut en nie daardeur gevang te word nie.

As die ekonomie groei en dit gaan goed, word jy oorval met aanbiedinge van goeie kopies en die krediet wat daarmee gepaard gaan. Rentekoerse is gemaklik en jy kan sonder 'n sent deposito eiendom koop om te verhuur, en sommer ook 'n motor daarmee saam. Moet ook nie van die aanbouings vergeet en die groter fasiliteit op die kredietkaart nie. Dis nogal swaar om vir die familie te sê dit is tyd om te spaar en briek aan te draai as almal op krediet koop!



FOTO: HANNES PIETERSE

Prof. Johan Willemse.

Dit is presies wat ons behoort te doen, maar nou ja, makliker gesê as gedaan!

Aan die bopunt van die siklus, nadat ons almal krediet opgeneem het, het die reserwebank rentekoerse skerp verhoog. In 2007/08 het huis- en motorpaaiemente sommer met duisende rande per maand gestyg, terwyl die ekonomiese borrel internasionaal ook gebars het. Ons banke het geskrik, opgehou krediet gee en sommer ongeskik taai geraak.

Kredietvoorsiening in Suid-Afrika het ernstig in die laaste jaar van die resessie gekrimp, wat sy eie probleme vir baie besighede en huishoudings geskep het. Die inperking van krediet ontneem baie relatief gesonde besighede en huishoudings van broodnodige finansiering en kontantvloei om deur die insinking te kom.

Wat staan die gewone huisgesin te doen? Dit gaan nou oor kop bo water hou en bowenal om nie agter te raak met rekeninge nie.

> Nuwe skuld is nie 'n goeie idee nie, veral nie om ou skuld mee te betaal nie.

Kan jy nou spaar en jou rekeninge almal afbetaal soos almal aanbeveel? Nee, ek dink jy moet nou net kophou. Al is die rentekoerse laag, moet jy nie verlei word om nuwe skuld te maak nie. Betaal jou skuld af in die groeisiklus wat gaan kom, want glo my, oor drie na vier jaar het rentekoerse weer in sy stygsiklus inbeweeg. Dan gaan ons weer wurg.

As jy egter nou geld in die lae rentekoersfase spaar, sal daar baie koopgeleenthede wees as die ekonomie sy volgende daalsiklus ingaan – na so vyf tot ses jaar, want markte werk in siklusse. Wanneer rentekoerse op hulle laagtepunt is, is die ekonomie in die knyp en is dit tyd vir goeie kopies, mits jy jou daarvoor posisioneer het.

Diegene wat spaarsamig deur die vorige paar jaar se groei- en kredietfase gewerk het en kapitaal opgebou het, is nou in 'n besonder goeie posisie om bates teen baie billike pryse aan die onderpunt van die siklus te koop! Dit is die uitdaging: om jou so te posisioneer dat jy teen die siklus beweeg en die geleenthede benut.

Diegene wat nou knyp, moet vasbyt en deur die siklus werk. Hulle moenie onnodige nuwe skuld maak met die lae rentekoerse nie. Bou liewer ruimte op vir die volgende rentekoersstygfase, want dan sal jy ruimte hê om goeie bates teen lae pryse te koop as rentekoerse knyp. Dit verg baie geduld en motivering vir die familie as almal koop en jy spaar, maar dit is nogal gaaf as jy jou reg geposisioneer het, om nou die ruimte te hê om te koop en krediet teen die lae rentekoerse op te neem. Wanneer die goeie tye kom, spaar dat dit bars vir die volgende ekonomiese afswaai, waar jy bates weer goedkoper gaan koop!

---

The past two months have been the most exciting of my career as I dipped into basements and into lecture rooms, and sat in corridors and in tearooms, listening to the most precious resource of any organisation – the staff. Without the academic and administrative staff of a university, the organisation simply cannot function. Therefore I wish to pay tribute to the staff who serve this great university in the interests of our students.

I thought to use this contribution to *Dumela* to tell you what I have seen, felt and heard about the staff at Kovsies.

I noticed, first of all, that people on our campus work very hard. There is an energy on this campus that I seldom see at other universities where I visit or have worked before. I have also noticed that many people on our campus are men and women of faith. One of the most uplifting messages I receive in the course of a busy day is a cleaner or a lecturer who simply says, "I prayed for you this morning." You cannot know how much this means to me.

What I also saw everywhere was that people are passionate about what they do. Whether we agreed or not, it was abundantly clear that people want to do their best, whether it is maintaining our beautiful gardens or teaching philosophy to undergraduates. It is, actually, fun to watch as somebody complains bitterly about something during one of the listening sessions – like the lack of communication from management – but never leaving me in any doubt that this was about making us work together for the success of our university.

This is important to me – not the differences we hold, but the passion we share. As one of my mentors told me some time ago, "I do not care whether my toes like one another or not; all I need to know is that they are moving in the same direction."

There is, I have noticed, a level of organisation in our university that I also seldom see elsewhere. Our people come to meetings prepared, they keep copious notes about what is said, they remember what needs to be done, and they remind you about the things you need to do. This is impressive, and it is easy to lose sight of the enormous amount of effort that secretaries and administrators put into their work to keep the machinery of this large organisation functioning. I, for one, have the world's greatest secretary and I am so pleased for the calm and efficiency she brings to my Office.

I have also noticed that my staff enjoys good food. Everywhere I go for the Campus Conversations there are "sweet and sour" foods. I have noticed, though, that it is not about the food, but about the honour of serving and sharing, about care and hospitality, and this is such a wonderful part of our campus ethos.

So there you have it, from a newcomer to Kovsies. To the people who have laboured here for many years, you might not notice all the good things about our staff and how they work and care for you.

I therefore write to say thank you for the many ways in which you contribute to making a good university great.



FILL THE GAP

# Time out with...

Reptiles and guitars. These are the two passions of Prof. Neil Heideman, Vice-Dean of our Faculty of Natural and Agricultural Sciences. It's a strange combination to most of us but, to Prof. Neil that's what makes him tick.

He was busy on the phone when I walked into his office for our interview. I couldn't help but hear the excitement in his voice as he spoke. "That was Gerhardus Damara, one of my former students at the University of Namibia in Windhoek. He wants me to join him in a research project in the Riemvasmaak area," he explained as he put the phone down. I could sense that research and contact with students were still very much part of him; and rightfully so, since he has been in the teaching profession for more than 23 years.

Being a teacher and manager in our Faculty of Natural and Agricultural Sciences is not all Prof. Neil does. When we started talking, I discovered that he had many hidden talents. His great passion is playing the guitar, and he has two electric and two acoustic guitars. "I started playing the guitar when I was 12 years old. I grew up in the Stellenbosch area and my friends in the rural village were all very musical," he explained. His favourite guitar is a 12-string Ibanez, bought by his mother and sister when he completed his BSc Honours degree, cum laude, in 1979. "It was an expensive gift from two special people," he said.

"If you play the guitar, you must also be able to sing," I said. "Well, my favourite music is anything from rock to country, but I only sing when no-one is around!" he said with a smile.

Our conversation turns to his work. "What do you do when you leave the office in the afternoon?" I asked. "My office moves to my house, as is the case with many academics and managers," he said. Over and above his hobby and primary duties, Prof. Neil is also a herpetologist by training and he makes time at home to work on aspects of research such as manuscripts and proposals. "At home I have time to analyse results, write and interact with members of the research team I'm part of," he said.

Central to his existence is his family. His wife Estelle manages our university's HIV/Aids Centre, their daughter Lee-Anne (23) studies BCom Marketing and O'Ryan (20) their son is studying BA Media Studies. "They are an important element of my unwinding when I get home after work," he said.

His career started in 1981 at the University of the Western Cape, followed by the University of Namibia from 1982. From there he moved to the National Museum in Bloemfontein in 1995, to our Qwaqwa Campus in 1998 and in 2004 he was appointed Vice-Dean on our Main Campus. One of the highlights of his career was receiving a Fulbright Senior Researcher Fellowship to conduct research in the laboratory of Prof. Jack Sites, a leading herpetologist at Brigham Young University,



people

# Prof. Engela shines throughout her career



Prof. Engela Pretorius.

PHOTO: MANGALISO RADEBE

"I do not think I leave behind any big monuments, but it has been one long, joyous journey. And if I can encapsulate it, it must be something about empowerment."

Being able to empower fellow human beings must surely rank up there among major achievements – "big monuments" for any individual. But not for this modest woman who, some 30 years ago, set out on a journey to uplift other women who were not as privileged as she was.

Prof. Engela Pretorius, until recently the Vice-Dean of the Faculty of the Humanities at our university, retired at the end of June this year.

Being the altruistic person that she is, Prof. Engela could not just selfishly wallow in the glory of being one of the only few female academic shining stars in a galaxy of inequity and discrimination.

"In the Faculty of the Humanities we had a so-called Equity Committee long before it was an institutional requirement, long before there was a legal requirement by the Department of Labour to look into issues of equity," she explains.

"In terms of women there were people who had been in positions for more than 20 years and they had done everything right by the book. They had obtained qualifications, they had published, they had done everything that an academic should do, but there was no promotion. They were not even considered. When the last of those women had been promoted to the right position, that was a good feeling."

"Yes, we have made great strides and many of those have made me very happy. In terms of women, especially white women, I think we have reached a good point. But in terms of black staff we are not there yet. We do sometimes get people appointed, only to lose them in a year or two or three. So there are still

Utah, in the United States of America, from October 2006–April 2007. "That was an enriching experience, which included facilitating a series of seminars on conservation issues in our country to senior undergraduate and graduate students."

Prof. Neil's research currently focuses on the phylogeny, phylogeography and the conservation of legless and semi-legless lizards, but he has also done work on general ecological issues such as reproduction and social organisation in other lizard species. "DNA diagnostic markers are central to what we are currently doing and they have provided interesting insights into the diversity and evolutionary relationships of these legless and semi-legless species," he said. They are morphologically very conservative, but genetically extremely diverse. Globally, South Africa, together with countries such as Australia and Mexico, is one of the countries with the highest diversity of amphibians and reptiles.

Prof. Neil's research team consists of Prof. Savel Daniels, Department of Botany and Zoology at Stellenbosch University and Martin Hendricks, Department of Biodiversity and Conservation Biology, University of the Western Cape, with postgraduates students who are coming and going. Their current projects focus mainly on species found along the Western Cape Coast, but at times they go even as far as southern Namibia to collect specimens. A recent special find was a specimen unexpectedly collected by Profs. Jo and Liesl van As in their research camp on the Okavango Delta, a first record of the species in Botswana. "I would, however, like to get into the lab more often," he said.

And what are the challenges for him in his portfolio as Vice-Dean? "We all have a duty to advance academic excellence in our faculty and to produce world-class graduates capable of functioning well in society. We also have to continue working towards changing our staff profile in terms of black academics to better reflect our provincial demography, a challenge underscored, amongst others, by the poor performance of many students from these designated groups, mainly due to their under-preparedness for university studies as well as competition from the government and private sectors for the top graduandi from these groups," he said.

Leaving his office, I could not help thinking of the many times I'd had contact with Prof. Neil over the years. Two things stand out for me: his unruffled temperament and ability to always be the same – to my mind good characteristics for a person in a position of leadership.**- Lacea Loader**



Prof. Neil Heideman.

PHOTO: STEPHEN COLLETT

# Prof. Neil - no pretence for this gentle leader

some things that we are not doing right."

So, what are these things that our university is not doing right?

"It is not always about salaries," she says. "It is about the institutional culture. It is about how people feel about coming here every day. It is the 'wow' feeling, that 'yes, I belong here and I feel good about it'. I think that is where we are still lacking and there are still so many horror stories of how people are being treated. So, in terms of that, much work still needs to be done."

Prof. Engela is not totally lost to this institution, which she reckons has become part of her life. She is still a Research Associate with the Department of Communication Science.

"I was blessed to be part of our university," she says. "I loved every position that I was in, from junior lecturer right through the ranks. It is in every fibre of my body."

She concedes, though, that it is a daily struggle for her to come to grips with the fact that she is now retired.

"For a long time I used to wake up at night and have this terrible feeling that I have forgotten something very important. I am slowly getting rid of that, but you have to work at it. Sometimes I feel a bit down and I think it is because of that. You think, 'am I still useful?' because before this many people were reliant on me and I felt as if my life was purposeful," she says.

"That I can still serve many people in other ways, is something I need to get used to. But it does take time to adjust."

However, being retired comes with its own privileges, as Prof. Engela has since discovered. She can now enjoy the simplest of joys that life can offer that she would otherwise not have been able to enjoy before retiring. "Because I was here from dawn to dusk, I missed so many things," she says. "It is just lovely to walk out the front door in the middle of the day and look at a bunch of daffodils. That is just so wonderful."

"Apart from that, I enjoy spending time with my husband. And I also enjoy cooking; I love cooking."

Besides reading a lot of books and other literature, she is also writing essays about her life and her experiences to keep herself busy, as she says she cannot just sit and do nothing. "I have so many stories in me about my life and experiences," she says. "Stories like 'Why I do not drink whisky' and things like 'Wimp, you should not touch me like that again'."

"And I am also passionate about history. The first history that I want to research is my own family history."

She reckons she is very happy with the way her life has turned out.

"Everything I did in my life, even the smallest, most insignificant thing, I tried to do to the best of my ability. Therefore I am satisfied with what I did and how I did it," she says, as a parting shot. **- Mangaliso Radebe**



Arno van Niekerk.

## Arno selected as Vice-Chairperson of USSA cricket

In order to be a robust institution in all aspects, our university strives to establish an excellent staff complement. The recent achievement of Arno van Niekerk from KovsieSport, who is the sport manager for cricket, is proof of that. Recently, during a BGM meeting that was held in Johannesburg, he was selected as the vice-chairperson of the University Sport South Africa (USSA) Cricket Committee. Arno, who has been in charge of cricket at our university since August 2004, has worked with the university cricket teams, in particular the first team, which played in three national finals over the last three years. **– Leonie Bolleurs**

# Human interaction major focus of new building

Our university strives for all its interventions, including the physical development of our campus, to be quality based. A good example of this is the development of a new building that will accommodate more students and lecturing halls and that will boost the image of the Faculty of Economic and Management Sciences as well as the School of Management within this faculty.

The development includes a new lecture hall building, with an auditorium for 800 students and fourteen 25-seater lecture halls, as well as a new wing which will house amongst others the offices and lecturing facilities of the School of Management.

The site for this project is located on the northern side of the campus next to the Wynand Mouton Theatre. According to Erika, this development has the potential to become a bridge and link between the central campus and the edge of the campus. The main focus of this development is on activating pedestrian and student activity on this part of the campus.

"The conceptual idea is to create a fragment of an urban environment, with intertwining and overlapping functions. As in all city environments, and as on campus, varying public realms of pedestrian and vehicle flow are intricately linked together. To create open public spaces and a backdrop for students to congregate, the two buildings are extruded over the site, overlapping the existing street, promoting student flow in, out and through the site and buildings. This enables human interaction and flow in a flexible way.

"This development will also create pedestrian flow through main circulation areas, opening the building to public areas with the use of lightweight structures and glass. Bulk campus activities (lecture halls, auditoriums, etc.) are at the ground and lower levels, also opening up to public areas where interaction can take place," said Erika.

With this project, lecturer's offices are placed on upper, more private levels. A multi-level circulation area with ramps will link the different levels, functions, spaces and people and will promote interaction between lecturers and students.

The new buildings will contribute to our university's plan to create a campus where students can gather and interact, not only with one another, but also with their surroundings. **- Leonie Bolleurs**



GRAPHICS: CUBE ARCHITECTS

nuus

**Konsentreer op jou beroep.**

**Ons sal sorg vir jou finansiële beplanning.**

As 'n gegradueerde beroepsmens in eie diens of in diens van iemand anders, het jy baie spesifieke finansiële behoeftes. **Die Cobalt Oplossings vir Professionele Persone** is 'n omvattende reeks oplossings vir welvaartskepping en risikobestuur op sake- en persoonlike vlak.

Met oplossings soos 'n **Siektevoordeel** en **Inkomstebeskermer** kan jy jou inkomste beveilig selfs wanneer ernstige siekte en ongeskiktheid dit vir jou onmoontlik maak om jou professionele pligte te verrig. Wat daarop neerkom dat jy op jou beroep kan konsentreer sonder enige bekommernis oor jou finansiële toekoms.

Om meer uit te vind, kontak my direk. Ons dink vooruit. En jy?



**Ben Opperman**
Senior Onafhanklike Finansiële Beplanner
051 407 8156
082 457 2240
benoprmn@intekom.co.za

Sanlam
Ons dink vooruit

Sanlam CI0131MS0353BPA

GELISENSIEERDE VERSKAFFER VAN FINANSIËLE DIENSTE

# International jazz maestro teaches our students

In its pursuit of excellence, our university applies best practices in our students' learning experience in many different ways. In one of the latest instances, our students from the Department of Music had the opportunity to attend classes of the internationally renowned saxophonist, Brian Hogg.

Brian, who conducts 200 to 300 concerts a year and has already performed and recorded with some of the world's most revered jazz musicians, recently spent two weeks at our university as a guest of the Department of Music, where he presented master classes to music students and the UFS Big Band.

"I talked to them about the history of jazz, the history of African-American culture, artistry and jazz. We talked about the influences of African music. We just talked about basic things like how to play in a big band and about improvisation, and so on," he explained.

He had been in Africa before, but this was his first visit to South Africa. "I have taught and played in seven countries," he said. "There are music students all over the world and it is always great to work with kids. My experience here has been worthwhile," Brian said.

Brian is an associate professor in Jazz at the North Kentucky University, Carolina, in the United States of America. However, he also has done many recordings with other musicians and he plans to do his own CD this year." **- Mangaliso Radebe**



Brian Hogg.

PHOTO: MANGALISO RADEBE



Mahlet Bekele, assistent navorser wat gehelp het om die resultate van die analise te interpreteer.

FOTO: HANNES PIETERSE

# Om die waarheid te sê ...

Die gehalte van drinkwater bly 'n netelige kwessie en dit bly 'n punt van bespreking. Wel, hier is goeie nuus vir ons personeel wat in Bloemfontein bly: die gehalte van die drinkwater van vyf woonbuurte in die stad is ten minste so goed, indien nie beter nie, as gebottelde water.

Dit is die resultaat van 'n standaard chemiese, sowel as bakteriële analise wat ons universiteit se Sentrum vir Omgewingsbestuur, in samewerking met ons Instituut vir Grondwaterstudies (IGS), gedoen het.

Vyf monsters van kraanwaterbronne is in die woonbuurte Universitas, Brandwag, Bainsvlei, Langenhovenpark en Bayswater geneem en 15 monsters is van verskillende handelsmerke van stil, ongegeurde gebottelde water geneem. Die monsters is by die IGS se laboratorium ontleed, terwyl die vertolking van die analise deur ons Sentrum vir Omgewingsbestuur gedoen is.

"Ons wou die verskil in gehalte vir menslike verbruik tussen Bloemfontein se kraanwater en dié van die verskillende handelsmerke van gebottelde water evalueer," verduidelik prof. Maitland Seaman, Hoof van ons Sentrum vir Omgewingsbestuur.

"Met die uitsondering van twee monsters wat deur multinasionale maatskappye by hulle aanlegte in Suid-Afrika geproduseer is, is die verskillende tipes gebottelde water wat vir die studie gebruik is deur Suid-Afrikaanse maatskappye geproduseer, insluitend 'n plaaslike, kleinskaal Bloemfonteinse produsent," sê prof. Seaman.

Volgens die etikette varieer die bronne van die water van suiwer fonteinwater tot gedeeltelike tru-osmose, tot slegs tru-osmose. (Tru-osmose is 'n proses waarin water onder druk gestuur word deur 'n pyp met uiters klein porieë waardeur water, maar geen – of baie lae konsentrasies van – soute nie, gelaat word.)

Die ontleding het 'n paar interessante bevindings opgelewer, aldus prof. Seaman:

- Een van die gebottelde watermonsters het 'n baie lae mineraalinhoud getoon. Deur oor 'n uitgebreide tydperk slegs sulke water te drink, het waarskynlik 'n negatiewe uitwerking op die menslike fisiologie.
- Die analise het verskille aangetoon in die mineraalinhoud wat op die etikette van die meeste van die waterbottels aangedui is, in vergelyking met dié wat deur die IGS-analise bevind is. Die handelsmerke van twee pare gebottelde water maak daarop aanspraak om presies dieselfde mineraalinhoud te hê, maar word onder verskillende handelsname, asook teen verskillende pryse gebottel. In albei gevalle was een van die twee 'n bekende huishoudelike handelsnaam en die ander waarskynlik die oorspronklike produsent. In een van hierdie gevalle pare het die huishoudelike handelsnaam aangedui dat die water fonteinwater was, terwyl die ander (identiese) "oorspronklike" handelsnaam aangedui het dat dit fonteinwater was wat met tru-osmose behandel en suurstofverryk is.
- Die prys van die verskillende handelsname gebottelde water, wat elk 500 ml stil water bevat, het tussen R3,99 en R8,99 gewissel, met R5,03 die gemiddelde prys. 'n Vergelyking tussen die goedkoopste en die duurste bottels water het geen betekenisvolle verskil in gehalte opgelewer nie. Trouens, teenstrydighede is in die duurste bottel waargeneem. Daar is gevind dat die hoeveelheid kalsium daarin betekenisvol verskil het van wat die analise aangetoon het (29,6 mg/l teenoor 0,92 mg/l). Daar is ook bevind dat die alkaliniteit ($CaCO_3$ mg/l) wat op die op die bottel aangedui is heelwat verskil het (83 mg/l teenoor 9,4 mg/l).

"Die voorkeur vir gebottelde water bo Bloemfontein se kraanwater, vanuit 'n kwalitatiewe perspektief sowel as wat die prysverskil betref, is nie geregverdig nie. Die omgewingsvoetspoor van gebottelde water is ook groot. Die verkryging, behandeling, bottelering, verpakking en vervoer, om maar enkele van die stappe te noem wat betrokke is by die prosessering van gebottelde water, laat 'n reuse koolstofvoetspoor sowel as 'n groot watervoetspoor, omdat die prosessering van gebottelde water ook water vir die behandeling en spoeling daarvan benodig," sê prof. Seaman.

Dit is navorsing soos hierdie wat spreek van ons universiteit se strewe om kritiese, wetenskaplike denke te bevorder. **- Lacea Loader**

IN BRIEF

# Watter verskil sal jy maak?







***Septembermaand fokus ons weer op persone met gestremdhede. Leonie Bolleurs het vir 'n paar kollegas gevra wat hulle sal doen om die lewe van 'n persoon met 'n gestremdheid te vergemaklik.***

### *Hetsie Veitch van die Sentrum vir Studente met Gestremdhede:*

Vir ons studente met gestremdhede sal ek graag al die nodige fondse beskikbaar wou hê om al die hulpbronne en tegnologie wat elkeen van hulle individueel nodig het om die lewe vir hulle te vergemaklik, aan hulle te verskaf, insluitend beursgeld vir hulle studies. Ons is voortdurend op soek na eksterne donasies en fondse hiervoor. Meer realisties sal ek aanhou veg om mense meer bewus te maak van die vermoëns van mense met gestremdhede. Dit is noodsaaklik dat mense met meer kennis toegerus moet wees om die leefwêreld en behoeftes van mense met gestremdhede beter te verstaan.

### *Lyle Markham from the Department of Industrial Psychology:*

I would try to clear the misconceptions regarding persons with disabilities by ensuring that able-bodied people have the necessary knowledge of the correct terminology and etiquette when it comes to persons with disabilities, for example, when referring to a person with a physical disability, the wording should be "a person with a disability" and not a "disabled person".

Stereotyping, coupled with prevailing prejudice against persons with disabilities, plays a major role in preventing them to have equal opportunities for education and employment. It also isolates them from mainstream society, withholding the integration they so desperately crave. These issues will become a top priority. I will make sure everyone treats persons with disabilities fairly, and that they always think about the needs of people with disabilities when planning services.

### *Pieter du Plessis van Finansies:*

Ek dink een van die beste maniere om 'n gestremde persoon te help is om die persoon net soos enige ander mens te behandel en nie vreemd ("weird") te wees omdat die persoon anders is nie. Ek probeer altyd om op 'n baie natuurlike manier met gestremde mense te gesels en bied my hulp aan soos wat ek dit vir enigiemand anders sou doen. By die kerk se kinderbediening het ons 'n blinde meisie wat by ons universiteit studeer wat lesse vir die kinders aanbied. Dit is baie lekker vir haar om deur almal as 'n doodnormale mens wat 'n bydrae kan maak, aanvaar te word.

### *Naomi de Valdoleiros van ERAS:*

By die nagraadse skryfsentrum ERAS (Eenheid van Retoriese en Akademiese Skryfwerk) is ons bewus van gestremde studente en akkommodeer hul sover moontlik. Ons kantore is op die boonste vloer van Steynanneks, waarvan die hysbak onlangs voltooi en in werkende orde is; dus kan gestremde studente ons maklik bereik. Ons het 'n kursusaanvraagvorm waarop spesifiek gevra word of studente spesiale behoeftes het, en ons akkommodeer hulle daarvolgens.

Vanaf 2010, met die implementering van Blackboard, gaan prof. Louis Venter se sessies oor akademiese skryfwerk en plagiaat op beeld vasgelê word en die kommentaar wat hy lewer, gaan deur middel van onderskrifte op die beeld verskyn, wat dit makliker vir gehoorgestremdes gaan maak om ons kursusse te volg.

Ek glo ook dat ons almal 'n kultuur van beleefdheid en behulpsaamheid moet aankweek om ons medemens by te staan.

### *Nontombi Velelo from the Department of Sociology:*

We are all created by the Almighty, according to His image. We are all born with unique talents and different capabilities, but that does not put us in an inferior position. Persons with physical challenges are as capable to perform tasks as any other person; they are also human beings and should be treated with respect and dignity. As we celebrate casual day, we should all remember to treat others the way we would like to be treated. A helping hand always receives more blessings from God and makes us better people for generations to come. Let us give love, reach out and make a difference on a daily basis. Remember, we must appreciate one another, regardless of what we see or what we think.

SPESIALISEER IN KORTTERMYNVERSEKERING
SPECIALISING IN SHORT-TERM INSURANCE

Mooirivier
Makelaars /Brokers

Kontak ons by/ Contact us at Tel: (051) 447 6877
Faks / Fax: (051) 447 5758 of
e-pos / e-mail: mmbloem@mweb.co.za

*Puik dienslewering deur persoonlike kontak, effektiewe eisebestuur en risiko beperking, wat lei tot lae premies en u gemoedsrus te bied.*

*Excellent service delivery through personal contact, effective claims and risk management, which results in lower premiums to give you peace of mind.*

## e-Leer hou bekendstellingsdag

Konneksie. Mobiele leer. Innovasie. Vernuwende denke. Verbeeldingryke projekte. Dit was die hoofboodskap wat deur e-Leer van die Sentrum vir Hoëronderwysstudies en -ontwikkeling oorgedra is aan tientalle belangstellendes op die afdeling se bekendstellingsdag hier op ons Hoofkampus. Gedagtes wat baie na wetenskapfiksie klink, soos tapyte waarop mense loop wat geheue dra (*memory carpets*), is afgewissel met die praktiese aspekte van aanlynontwerp in akademiese kurrikula en die toekomstige pad wat ons universiteit met Blackboard 9.0 as leerbestuurstelsel gaan stap. Personeel aan ons universiteit het in buitengewoon groot getalle vir hierdie besige tyd van die jaar, met 'n semester wat vinniger as die Augustuswinde vlieg, by die geleentheid opgedaag. Enkele belangstellendes van buite was ook teenwoordig. - **Danila Liebenberg**

## Spesiale uitgawe van akademiese tydskrif gewy aan teologie

Kongresbydraes van 'n internasionale kongres wat verlede jaar deur ons Departement Sendingwetenskap op ons Hoofkampus aangebied is, is in 'n spesiale uitgawe van die gesogte *Tydskrif vir Christelike Wetenskap (TCW)* opgeneem. Hierdie daad spreek nie net van ons universiteit se strewe na uitnemendheid nie, maar is ook 'n voorbeeld van ons betrokkenheid by die akademie in die internasionale arena. Volgens dr. Lyzette Hoffman van die Fakulteit Teologie is die *TCW* is 'n geakkrediteerde akademiese tydskrif wat nasionaal en internasionaal versprei word. Die publikasie word deur die Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys (VCHO) uitgegee. Die referate wat by die kongres met die tema "Sending en bekering" gelewer is en in die tydskrif ingesluit is, het onder meer 'n vroulike perspektief, die Afrika-konteks en die Reformed Church in Africa aangeraak. Prof. Daan Strauss, verbonde aan ons Fakulteit Geesteswetenskappe en redakteur van *TCW*, het 'n kopie van hierdie spesiale uitgawe aan prof. Francois Tolmie, dekaan van ons Fakulteit Teologie, oorhandig. - **Lyzette Hoffman**

## Navorsingsamewerking tussen universiteit en museum in die pyplyn

Ons universiteit se strewe na gehalte sluit 'n voortdurende proses van ontwikkeling en leer in. Die eerste jaarlikse werkswinkel om die samewerking tussen ons universiteit en die Nasionale Museum te vier, is in Bloemfontein gehou. Verskeie navorsing-samewerkingsooreenkomste tussen die instansies is tans onderweg, onder andere die gebruik van orale geskiedenis as 'n onderrighulpmiddel op tersiêre vlak, plantmikrofossielnavorsing in Suider-Afrika en 'n navorsing-samewerkingsooreenkoms in Antropologie. **- Lacea Loader**

## School of Management hosts Tom Friedman

Tom Friedman, author of the number-one bestseller *The World is Flat* and world-renowned columnist of the *New York Times*, was the guest speaker during a breakfast hosted by our School of Management and the Altron Group in Sandton, Johannesburg. The event, attended mostly by business people, was exemplar of our university's pursuit of excellence. "It was an exceptional opportunity to engage with a true international scholar and one of the most influencing opinion leaders of the day. The school was a proud host of this value-adding event," says Prof. Helena van Zyl, Director of our School of Management. **- Lacea Loader**

## Correction

*Dumela* 4, Page 19: Leadership in HE gets assistance
The facilitators for 2009 are Dr Renalde (not Dr Pieter du Plessis as we mentioned in the previous edition of *Dumela*) and Marietjie du Plessis from the Centre for Higher Education Studies and Development.

# ‘We must do our work **wholeheartedly**’

**Z**uki Ketiwe, librarian in our library on the Qwaqwa Campus, is a pillar of strength on campus and off campus, so much so that she was honoured with an excellence award for her service. *Leatitia Pienaar* caught up with this passionate woman with firm roots and strong principles.

**Zuki, tell me more about yourself?**
I am from the Mbekweni residential area in the Paarl near Cape Town and the second of five siblings. My parents are Ben and Victoria. They are both retired. My father was an artisan and my mother a domestic worker.

I completed my primary and junior school at Ntywenka JSS in Tsolo in the former Transkei. I completed high school at Ndamase SS in Ngqeleni near Umtata. I was raised by my grandmother from my mother’s side; hence, I did all my schooling in the Eastern Cape.

**What did you study, and where?**
In 2003 I registered at the University of Transkei (Unitra), now the Walter Sisulu University (WSU). I did BBibl and an honours degree in Industrial Psychology.

**How did you land in the Eastern Free State, and specifically on the Qwaqwa Campus?**
I ended up as a cataloguer in the Eastern Free State in September 1999. At Unitra I was a student assistant in the library. However, I left in December 2008 because they no longer needed any student assistants. I went home to find work and one of the ladies I worked with at Unitra called to tell me that the University of the North: Qwaqwa Campus had advertised a post. I applied and was appointed. It was my first permanent job.

**You have been there for ten years now; what are the wonderful things that will always stand out in your mind?**
Learning to speak Sesotho will always stand out in my mind. I had to learn the language fast because at church they would only speak Sesotho.

**How important are library services in the lives of students and staff in the area?**
I believe that the library is one of the most important sections that our students have to visit daily if they intend to succeed in their studies. It is also important for us to make the library accessible to our clients. We have to develop our collection to meet the needs of our academic staff and students.

**You are involved in the community; tell me more about that?**
We are involved in community service by offering our time and expertise to school libraries around our area. We also try to train teachers who are responsible for their libraries at schools how to process books.

**Tell me about the excellence award that you received?**
When I received an award for excellence in 2005, I was overwhelmed and excited. I did not expect it. I was doing my work and serving my clients to the best of my ability.

**When you have free moments, what do you read and enjoy? What are your passions and what makes you angry?**
My father used to tell us that we should do our work wholeheartedly or leave it and always be punctual. He always told us that we should value what we do and have and live according to principles. He is my role model.

I like to read spiritual books and anything that enriches with my soul. I enjoy doing a one-hour yoga session early in the morning, especially in summer, because you have to do it no later than 5:00 in the morning on an empty stomach. In winter I’m lazy because it’s not easy to get out of bed between 03:00 and 04:00.

I love classical, country, gospel and choral music. I am a chorister. I like singing a lot.

I do not like dishonesty, disloyalty and being late.

My son, Aviwe (15), loves sport, so I watch soccer, rugby and cricket with him. I play games with him and I have to record matches when he is not around.

**What are your plans for the future?**
I take opportunities as they come. I would like to grow in my profession and improve in the way I do my work.



**Zuki Ketiwe.**

# Spread the word

Our Rector and Vice-Chancellor, Prof. Jonathan Jansen, is no stranger to the local and national media. Looking at the coverage our university received during the past two months, Prof. Jansen has made a considerable contribution. Most of the main-stream media, for instance, reported on his taking up of office. This included *Volksblad, Ons Stad, Bloemnews, SAfm, RSG, OFM, Lesedi FM, Umhlobo Wenene FM, SABC2, Phala-Phala FM, Citizen, Metro FM, 5FM, Motsweding FM, kykNET*, etc.

Other news that made the headlines included, amongst others:

- The election of Moses Masitha, the first black president of our Main Campus’ Student Representative Council (SRC) attracted huge coverage in both the local and national media, amongst others in *Burger, Volksblad, Naweek-Beeld, Saturday Star, OFM, The Star, RSG, Ukhozi FM, Lesedi FM, Star Online, Diamond Fields Advertiser, Rapport,* etc.
- Our School of Management’s breakfast with Tom Friedman as guest speaker had coverage in *Business Day, Beeld* and *Citizen*.
- Research done by Dorothy Russell from our Department of Paediatrics and Child Health about babies that need to spend time on their tummies received coverage in *Citizen, Beeld*, on *RSG*, etc.
- Third-year students in the subject Economic Policy Analysis at our university who are taking part in Sanlam’s national competition for universities called Creativity for Progress, had coverage in *Sake Volksblad*.
- Prof. Driekie Hay, Vice-Rector: Academic Planning gave comment for an article entitled *Universities to test student skills*, which appeared in *Business Day*. A similar article about the National Benchmark Project was also published in *Beeld*.
- Hetsie Veitch, Head of our Unit for Students with Disabilities, gave comment for an article entitled *Caught in the deaf trap*, which appeared in *Sunday Times*.

**- Lacea Loader**




1. **Moses Masitha**
2. **Prof. Driekie Hay**
3. **Prof. Jonathan Jansen**

# Wellness is **well and alive**

Four years since its inception, the Wellness Programme of our university is gaining momentum. More and more people are attending the presentations and activities aimed at improving the wellbeing of our staff. More and more men are also signing up to attend functions and, as expected, the Men's Breakfast earlier in September 2009 with Prof. Jonathan, our Rector, was jam-packed. The same happened with the Women's Day function in August.

Dr Annette Prins, Head of Staff Wellness, says lunch-time functions draw on average from sixty to eighty people at a time, an increase from the forty earlier on. There is a need amongst people to socialise. More women than men are attending, but men are slowly but surely getting there.

The theme centres around resilience this year, and staff had the opportunity to learn more about the importance of a healthy lifestyle, financial planning, emotional intelligence, self-defence, family violence, humour, how to survive in difficult times, time management, and many more. The programmes are designed not only to help the staff member in the workplace, but also outside the campus.

Sports afternoons, soccer afternoons and fun walks are very popular. Diarise 14 October 2009 for the Soccer afternoon and get your team ready. Inspect your walking shoes for the next fun walk that will take place on 4 November 2009.

**- Leatitia Pienaar**



1.



4.



3.



2.



5.

## "Vroue kry nie genoeg erkenning nie"

"Hierdie universiteit sal nie 'n wêreldklasuniversiteit word tensy vroue nie 'n kritieke deel van ons planne vorentoe is nie. Ons gee nie genoeg erkenning gee aan vroue nie," het prof. Jonathan Jansen, ons Rektor en Visekanselier, op 'n Vrouedagontbyt aan vroulike personeellede in 'n volgepakte Reitzsaal in die Eeufeeskompleks gesê.

Meer as 52% van die Suid-Afrikaanse bevolking is vroue en in die verkiesing vroeër vanjaar was 58% van die kiesers vroue. Tog kry vroue nie die erkenning wat hulle in hulle huise, werkplek, speelveld en kerk verdien nie. Respek vir vroue kom nie met woorde nie, maar ook met dade.

Hy sê hy het grootgeword in 'n huis waar vroue in beheer was: sy ouma Katie en ma Sara. Sy ma het hom geleer hoe om te lewe, en toe sy doodgaan, ook hoe om te sterwe. Sy dogter Sara-Jane en sy vrou Grace is vir hom kosbaar.

Prof. Jansen het gesê daar sal baie meer vroue in die topbestuur van ons universiteit moet wees. Daar moet meer vroue op senior en topvlak by die universiteit wees en mans in sekretariële poste. Volgens hom is hy deur vroue getransformeer.

Hy het hulle voorbidding gevra vir die stappe wat aan ons universiteit gaan volg om dit 'n instelling van wêreldgehalte te maak wanneer hy 'n wye verskeidenheid mense en instellings gaan besoek.

"My enigste motivering is om ons universiteit die beste in die land en in die wêreld te maak." **- Leatitia Pienaar**



6.

1. Ge-"coller" en ge-"tie". Personeel van die Sentrum vir Hoëronderwysstudies en -ontwikkeling het geesdriftig aan een van die Welstandskomitee se interdepartementele sportmiddae deelgeneem.

2. Welstand se hartweek. Personeel kon onder meer cholesteroltoetse, bloedglukosetoetse, oogtoetse en bloedtoetse laat doen.

3. 'n Span van ons Hoofgebou het aan die Welstandskomitee se interdepartementele sportmiddag deelgeneem.

4. Christa Klink, 'n Chata Romano-konsultant, het 'n groep vroue tydens 'n Vroueweek-aanbieding wat deur die Welstandskomitee gereël is, toegespreek.

5. Arina Otto van die Welstandskantoor, prof. Jonathan Jansen, ons Rektor en Visekanselier, dr. Annette Prins, Hoof van die Welstandskantoor en prof. Driekie Hay, Viserektor: Akademiese Beplanning het een van vanjaar se Welstandsaanbiedinge tydens Vroueweek bygewoon. Prof. Jansen was die spreker.

6. Die Welstandskomitee het 'n werkswinkel oor finansiële beplanning- en entrepreneurskap vir die dienswerkers gereël.

7. Studente verskaf vermaak tydens die uur van kuns en musiek wat deur die Welstandskomitee gereël is.

8. Die manne het vanjaar vasgevat by die Welstandskomitee se interdepartementele sportmiddag.

9. By die Welstandskomitee se interdepartementele sportmiddag het Rekenaardienste die eerste plek in beide die vlugbal en die 400 m-aflosstap ingepalm.

10. Personeel neem deel aan 'n pretstap wat deur die Welstandskomitee gereël is.

11. Tien spanne het aan die sokkermiddag wat deur die Welstandskomitee gereël is, deelgeneem. Fisiese Hulpbronne het met die beker huis toe gegaan.



7.



8.



9.



10.



11.



Dr Victor d'Assonville, Prof. Erik de Boer and Prof. Dolf Britz.

# Institute produces many unique things

Our university strives towards being a place where high-quality science practice and learning take place. The successful work that is done at the Institute for Reformatory and Classical Studies – seated in the Faculty of Theology – bears testimony to this.



## Meer as 100 000 rekords al elektronies beskikbaar



1.



2.

In die minder as drie jaar vandat die reuse projek aangepak is om ons universiteit se studenterekords elektronies vas te lê en te bewaar, is meer as 103 390 lêers reeds verwerk en die 3 053 383 bladsye hiervan is met die druk van 'n knoppie gelyktydig aan alle gebruikers beskikbaar.

Miemie Joubert, Assistentdirekteur by Rekenaardienste, deel 'n klompie interessante feite met ons. Die skandering van studenterekords het op 14 Junie 2006 begin en op 12 Junie vanjaar was 102 000 lêers reeds deurgewerk en elektronies via die ImageNow-sagteware beskikbaar.

Die papierrekords word in meer as 777 kartonne van gemiddeld 15,9 kg elk deur 'n argiveringsmaatskappy vir ons universiteit in veilige bewaring gehou nadat dit gekategoriseer en geïndekseer is om ook toegang tot die papierrekords te vergemaklik. Die meer as 12 ton papier wat elders gestoor word, stel natuurlik waardevolle ruimte op kampus beskikbaar.

Die proses is nog ver van afgehandel en van die ouer rekords sal ook so vasgelê word.

Haumie Joubert, Assistentdirekteur by Registrasies, sê dit help ontsaglik dat studenterekords nou met die druk van 'n knoppie beskikbaar is. Ook Wieda McCrae, Adjunkdirekteur by Finansies, is vol lof vir die stelsel. Sy sê dit is wonderlik en baie waardevol en die afdeling gebruik dit daagliks.

'n Mens kry 'n idee van hierdie waardevolle diens wat aan gebruikers op kampus gelewer word as jy na die volgende internasionale syfers in terme van die handliassering van dokumente kyk:

- 'n Gemiddeld van 19 afskrifte word van elke dokument gemaak.
- Die koste van handliassering beloop gemiddeld R160 vir elke dokument.
- Dit kos sowat R960 om een dokument op te spoor wat nie reg geliasseer is nie.
- Minstens 1 uit elke 20 dokumente gaan verlore.
- Daar word gemiddeld 25 uur bestee om elke verlore dokument te herskep.
- 'n Professionele persoon kan tot 50% van sy tyd aan die soek van lêers afstaan.

Die elektroniese byhou van rekords help om kantoorruimte te bespaar. Elektroniese dokumente is maklik beskikbaar en verg nie kantoorruimte nie. Talle mense het op dieselfde tyd toegang tot die rekords, en werk hoef nie stil te staan terwyl rekords deur een persoon bestudeer word nie. In die geval van 'n ramp is dit ook maklik beskikbaar. Rekords kan ook vir 'n lang tyd aanlyn of in 'n bewaarplek bewaar word. **- Leatitia Pienaar**

1. **Elke krammetjie moet sorgvuldig verwyder word voordat die dokument geskandeer kan word, en dit neem tyd.**
2. **Berging tot teen die dak.**


AANDMUZIK GUEST HOUSE





*Aandmuzik offers 5 luxury en-suite double bedrooms, and two family rooms with private entrances overlooking the garden and swimming pool*

*Each room has a Microwave, Fridge (honesty bar), Air-conditioning, TV with DSTV.*

*A Traditional continental English Breakfast is served.*

*Secure undercover parking with electric gate and electric fencing*





*FACILITIES*

*Internet, Fax & Photocopy facilities*

*Playground for children*

*Tea & Coffee Facilities*

*Bar & lounge with fireplace*

*Lapa, braai area and swimming pool*

*Credit Card Facilities*

*Contact: Stella Theron – 082 447 90 53*

*18 Dreyer Street, Universitas*

*WALKING DISTANCE FROM UNIVERSITY*

*& VODACOM PARK*

Prof. Dolf Britz, Professor Researcher in the Office of the Registrar: Strategic Planning and Dr Victor d'Assonville are the joint directors of the institute. Dr Victor is a research fellow at our university and currently associated with the Akademie für Reformatorische Theologie in Germany.

Together with Prof. Dolf and Dr Victor, Prof. Erik de Boer, also a research fellow at our university, is also specialising in 16th century church history. Prof. Erik is associated with the Vrije Universiteit of Amsterdam as well as the Theological University of Kampen in the Netherlands. During August this year he was a guest lecturer at our Faculty of Theology.

This past year the institute has yielded many "firsts". As an example, Prof. Dolf and Dr Victor were the only two South Africans from a group of more than 50 internationally recognised experts on Calvin who were collaborators for a new book on Calvin. This publication, which enjoys international recognition, is available in four languages, namely English, Dutch, German and Italian.

"In order to help writing the book, primary sources had to be consulted, in other words, the authors had to make use of the original French and Latin sources," said Prof. Dolf.

One of the objectives of the institute is to empower students as researchers. "More than 15 theology students took Latin during the past four years. This skill is very important, because most writing on theology was written in Latin until far into the 17th century," said Prof. Dolf.

The institute is also the only institution in South Africa where organised research on Calvin is undertaken. "In this regard our university has been requested to host the major international Calvin Research Conference that will take place in 2010. More than 100 recognised Calvin researchers will deliver lectures at this conference," said Prof. Dolf. It will be first time that the conference convenes in Africa.

Another major work on which the institute can be congratulated, is the publication of Calvin's commentaries in Afrikaans. The commentary on the book of Romans was published last year. Prof. Fanus Postma from the University of the North-West did the translation.

Prof. Boelie Wessels from the Department of Roman Law, History of Law and Comparative Law at our university has also been involved in the project. Currently he is busy translating Calvin's commentary on Genesis. Prof. Boelie is also translating shorter writings by Calvin, for example, his well-known answer from Cardinal to Sodaletus and his defence regarding Servetus.

According to Prof. Dolf, a next project of the institute will be to translate Calvin's works into Sesotho.

Prof. Erik also edited two new text-critical editions of Calvin's works that were included in the Calvini Opera Recognita Series by Droz, Genève. Apart from this, he also published sermons by Calvin on the book of Ezekiel in the Calvini Supplementa Series. These sermons were prepared for publication from original manuscripts, and have therefore now been published for the first time in history. **- Leonie Bolleurs**

# Dink voor die volgende "kliek"

Gebruik 'n bietjie breinkrag volgende keer wanneer jy 'n foto neem. Moenie net die kamera uit sy sakkie haal, dit aanskakel, 'n foto neem, agter op die skermpie kyk of dit naastenby reg is en dit dan weer wegbêre nie.

Dink 'n bietjie verder as die tegniese gedeelte. In elke foto is daar 'n paar elemente teenwoordig wat gaan bepaal of jou foto net 'n foto gaan wees en of dit 'n *wow*-foto gaan wees wat mense gaan onthou.

**Agtergrond:** Kyk of jou agtergrond deel is van die foto. As daar steurende aandagtrekkers soos bosse, gekleurde goed, pale, goed wat uit mense se koppe groei, ens. op die agtergrond is, moet jy 'n manier kry om dit te "verwyder".

**Onderwerp of fokuspunt:** Op elke foto moet daar 'n fokuspunt wees. Dit is die voorwerp wat jy afneem, 'n mens, 'n dier, 'n voertuig, ens. en dit is die belangrikste ding wat jy op jou foto wil wys. Gewoonlik deel 'n fotograaf sy foto horisontaal en vertikaal in derdes op en plaas die onderwerp op een van die snypunte.

**Voorgrond:** Te veel voorgrond kan jou foto kelder, maar soms kan dit help om die foto trefkrag te gee. Dink aan 'n droë dam met gebarste modder in die onderste tweederdes van die foto met 'n wit songebakte kopbeen kleinerig op die regterkantste snypunt doer op die foto. Jou voorgrond vloei dikwels in jou agtergrond in om 'n eenheid te vorm wat mekaar ondersteun, byvoorbeeld die wit strand wat dan in die see oorgaan met die blou lug doer agter. Voltooi die prentjie in jou kop met 'n rooi strandsambreel waaronder 'n kind met 'n grafie en emmer in die sand speel. Koekblik-mooi!

**Kamerahoek (viewpoint):** Waar jy staan, gaan op die ou end ook bepaal hoe jou agtergrond lyk. As dit moontlik is, moet jy 'n bietjie rondbeweeg en terselfdertyd deur jou kamerasoeker loer hoe die agtergrond ten opsigte van jou fokuspunt verander soos wat jy rondbeweeg. Staan op jou knieë, lê plat op die grond, klim op 'n stoel. (Maak seker die stoel kan jou gewig hanteer – Oeps).

**Formaat:** Portret of landskap is die sleutelwoorde. Rekenaarskerms, televisie en motorvensters is maar 'n paar van die goed wat ons in 'n horisontale of landskapblik inprop. Dit is ook gemakliker om 'n kamera horisontaal vas te hou. Klim uit die kas en draai jou kamera vertikaal in die portretposisie en neem sulke foto's vir afwisseling. Dieselfde opstellingriglyne geld.

**Ligomstandighede:** 'n Goeie riglyn is om die onderwerp (fokuspunt) in dieselfde ligomstandighede as die voorgrond en die agtergrond te hou. 'n Mondvol, wat beteken: As jy vier mense afneem, moet hulle verkieslik almal in die son staan (met skrefiesoë); die son moet oor die fotograaf se skouer op die voorgrond en die agtergrond val. Of, al vier moet in die skaduwee staan, maar dan moet die agtergrond en die voorgrond liefs ook in die skaduwee wees. Die helfte van die groep mense moenie in die skaduwee wees en die res in die son nie. Aaklig! Die kamera se fotosensor kan nie die uiteenlopende ligomstandighede hanteer nie. Skuif die mense na dieselfde ligomgewing: óf in die son óf in die skaduwee.
**- Hannes Pieterse**






# Proff. Shaun en Andries skryf saam aan internasionaal-erkende boek

Ons universiteit streef daarna om in alle opsigte 'n robuuste universiteit te wees, ook as dit kom by die skryf van akademiese publikasies. Proff. Shaun de Freitas en Andries Raath van die Departement Staatsreg en Regsfilosofie het onlangs onder redaksie van Ann Ward en Lee Ward, beide van die Campion College aan die Universiteit van Regina in Kanada, die boek *The Ashgate Companion to Federalism* uitgegee.

Volgens prof. Raath is hierdie boek van ongeveer 600 bladsye bedoel om die mees omvattende werk tot dusver oor federalisme in al sy historiese manifestasies te wees. Die doel van die boek is deur Ashgate geformuleer as: "The *Ashgate Research Companions* are designed to offer scholars and graduate students a comprehensive and authoritative state-of-the art review of current research in a particular area. The companions' editors bring together a team of respected and experienced experts to write chapters on the key issues in their specialty, providing a comprehensive reference to the field."




Die boek is amptelik op Sondag 9 Augustus 2009 in die Verenigde Koninkryk en die Verenigde State van Amerika bekend gestel.

"Die werk is uniek omdat dit die mees omvattende publikasie tot dusver oor die verskynsel van federalisme is. In dié opsig is dit 'n pionier-publikasie," sê prof. Raath.

Ons universiteit is baie trots dat die redakteurs van die werk twee van ons akademici genooi het om deel van hierdie projek te wees. **- Leonie Bolleurs**



Proff. Shaun de Freitas (staande) en Andries Raath.

FOTO: STEPHEN COLLETT

# Prof. Herman to serve on national task team

Prof. Herman van Schalkwyk, Dean of the Faculty of Natural and Agricultural Sciences at our university, has been appointed by the Minister of Agriculture, Forestry and Fisheries, Ms Tina Joemat-Pettersson, as member of a task team to further clarify the functional responsibilities of the Department of Agriculture, the National Agricultural Marketing Council and the Agricultural Research Council on matters related to agricultural marketing, business and entrepreneurial development, international trade and agricultural economics research. The appointment of this task team comes after the department's review of the agricultural marketing environment. Prof. Herman's inclusion in this task team is a feather in the cap for our university and it is an example of the sought-after expertise we have. **- Lacea Loader**



**Prof. Herman van Schalkwyk.**

PHOTO: HANNES PIETERSE

# SIFE students second in national competition

True to our university's mission to promote the development of the total student as part of its academic culture, we want to congratulate our Students in Free Enterprise (SIFE) team that obtained a second place in the recent national competition held on the campus of the University of Johannesburg. The team, consisting of 80 students from the Main and Qwaqwa Campuses, came first in the category for Entrepreneurship and second in the category for Success Skills, Business Ethics and Financial Literacy. Twenty teams competed in the national competition, of which the University of KwaZulu-Natal will represent SIFE SA in Germany during October 2009. **- Lacea Loader**



PHOTO: STEPHEN COLLETT

**Our team: Christiaan Steenkamp, a second-year BSc Zoology student; Malefa Bosiu, a first-year LLB student; Zandi Mabizela, a second-year BCom Economics student; and Noeleen Thahane, a third-year BCom Tourism Management student. Mbulelo Mpofana, a third-year BCom Investment Management and Banking student, was absent when the photo was taken.**

academic report card



Prof. Walter Peters.

PHOTO: STEPHEN COLLETT




# Sophia Gray – an extraordinary architect

Our Department of Architecture annually presents the Sophia Gray Memorial Lecture. This year the 21st lecture entitled "More ways of being an architect", was delivered by Prof. Walter Peters, well-known academic and editor of the Journal of the KwaZulu-Natal Institute for Architecture.

But who is Sophia Gray, one would ask? Sophia Gray (1814-1871) was the first woman to practise architecture in South Africa and one of the earliest in the world. She was married to Robert Gray, inaugural Anglican Bishop of Cape Town, and devoted herself to the diocese. By cart or wagon, or on horseback she accompanied her husband on all but two of his visitations throughout the country, sketching wherever they went.

Sophia was active in architecture over a period of 22 years, during which time she built 52 churches throughout South Africa. She was the first architect, male or female, to have been professionally active in the Free State. The remarkable thing is that Sophia had no training at all – she was self-taught, having learnt architecture only from observation. Her highly accomplished drawings and insightful diaries are held in the William Cullen Library of the University of the Witwatersrand.

As a university that values excellence, our university started the Sophia Gray Memorial Lecture in 1989 to pay tribute to this great pioneering architect. **- Lacea Loader**

# UFS is music to his ears

Grant Nthala from Malawi is the first international student to do a master's degree in Ethnomusicology at our university, which he has since completed. "I am told I have completed it a semester earlier," he says, with pride. "So I am due for graduation this September."

Ethnomusicology is the study of ethnic music. Grant studied the music of the Chewa people, the largest ethnic group in Malawi. "My area of interest was the drumming patterns that they use for their different dances," he explains.

"Their music, which I have known all these years, displays some complicated and complex rhythms. Therefore I was interested to find out what constitutes their drumming patterns for the different dances.

"However, as a scholar I had to go further and look at the social issues. In other words, does drumming among them just exist in isolation or is it related to their daily lives?

"I also wanted to find out if their music has contributed anything in Malawi, not only among the Chewa people, but also among other groups of people. For example, have the modern music artists been inspired in a way or motivated or influenced by what the Chewa people offer through their music?" Grant says.

Grant is not only an academic but also a multi-instrumentalist of note.

"I play the African drum, the acoustic guitar, the bass guitar, the piano and the keyboard family," he says.

He completed his undergraduate studies at the University of Malawi and because he could not further his studies there due to a lack of postgraduate studies in music, he had to come to South Africa.

"I have tried several universities in South Africa and I found the University of the Free State being flexible in its requirements for the postgraduate degree," he says.

"They were flexible, they were supportive, they showed interest and were ready to listen. So they gave me a chance to explain myself. I did not have similar opportunities at the other universities," he says.

"I also found the fees here, compared to the other universities in this country, very affordable," Grant continues to say.

"The university's website also made things easy for me. It is very good. It has enough information that one does not even have to ask for clarification," he says.

No wonder he intends to prolong his association with our university.

"I intend to do my PhD as soon as possible. I hope to apply for the next academic year this year and hope to finish it in three years' time," he says.

"Studying in a foreign country is not easy. Everything is new, the people are new, the languages are new, places are difficult to find, sometimes you run out of resources, and so on, but the Department of Music has always made me feel at home here," he says.

Grant intends to return to his alma mater, where he is a lecturer, after completing his PhD.

"I train undergraduate students in music and teach music theory and African Performance," he says. "I will definitely go back there to continue with the work and do it much better this time with all the knowledge that I have gained here," Grant says. **- Mangaliso Radebe**



Grant Nthala.

PHOTO: MANGALISO RADEBE

# “Wat studies nie alles vir ’n mens kan doen nie”




1. ’n Bakfiets, wat deur moeders en klein kindertjies gebruik word om inkopies te gaan doen.
2. Rondvaart in Amsterdam.

Die omvattende ontwikkeling van studente sowel as personeel is baie belangrik vir ons universiteit. Susan Esterhuizen, sekretaresse van die Registrateur: Algemeen en ’n student aan ons universiteit (BA Taalstudie), het onlangs die geleentheid gehad om die 54ste *Zomercursus* in Zeist, Nederland by te woon toe sy ’n beurs, wat kursusfooie en verblyf insluit, van die Nederlandse Taalunie ontvang het.

Susan vertel: “Deelnemers se ouderdomme het gewissel van 20 tot 48 jaar en na gelang van ons kennis oor die Nederlandse taal is ons in 12 groepe verdeel. Die *Zomercursus* het baie fasette van die Nederlandse taal gedek, insluitend Nederlandse spraaklesse, luister- en spreeklesse, lesings oor die Nederlandse skilderkuns uit die 17$^{de}$ eeu, emansipasie, politiek, literatuur, popmusiek, die televisie- en filmbedryf en ’n ontmoeting met twee skrywers, drs. Arie Storm en Mensje van Keulen. Uitstappies na onderskeidelik Rotterdam, Delft, Otterlo, Amsterdam en Den Haag is ook onderneem.

“Nederland het geen tekort aan fietse, stroopwafels, koekies (die deelnemers het 10 000 koekies verorber), vis of water nie – vandaar die idioom wat vir welgestelde persone gebruik word: “Hij heeft geld zoals water.” Jonk en oud maak daagliks van fietse gebruik om inkopies te doen en om hul bestemmings te bereik. Moeders met klein kindertjies is nie ’n uitsondering nie en maak gebruik van ’n *bakfiets* om hul inkopies en klein kindertjies te vervoer. Die konferensiesentrum het dan ook 75 fietse tot die



# Joint venture enhances learners’ academic success rate

*‘You are heaven-sent!’ ‘I am a bookworm but have no books to read.’ ‘I really like being here because reading teaches me words and phrases I’ve never heard before’ ‘… sometimes I feel like the books are written especially for me’ ‘… it motivates me in wanting to become a news reporter.’*

These are the words of a few of the pupils at Dr Blok Secondary School in Heidedal where an action research project to develop reading was started in 2007, following a request by the school principal to the Community Service Committee of the Faculty of Humanities. Dr Arlys van Wyk of the Department of English and Classical Languages was approached and the project was registered as a master’s thesis for Jeanne van der Westhuizen.

The principal identified poor reading skills as the cause of the poor matriculation results – an opinion confirmed by literacy testing with Grade 8, 9 and 10 learners, which revealed that 34% were at risk. In other words, 34% of learners in these grades were unable to read at a level that would ensure their academic success. Several learners could not read at all. With reading proficiency being one of the best predictors of success at any educational level, which means that these learners lack the necessary language skills and reading proficiency to be able to read or understand their textbooks, are unable to access the explanations and activities in the classroom, and will experience failure and exclusion, which lead to disciplinary problems at school.

It was clear that reading and books should be presented in a pleasurable way that would increase their appeal to the learners and encourage print awareness at the school. It soon became evident that without books and plenty of reading material this was not possible.

A generous sponsorship from Raubex Construction, a locally-based construction company, made the buying of books and other equipment possible. Dr Arlys and Jeanne bought well-illustrated and interesting reading materials for the pupils to stimulate their interest and build their general knowledge which, together with knowledge of the language is an important requirement for reading at any academic level. “It was touching to see learners caressing the books, explaining that they had never owned a storybook in their lives,” Dr Arlys said.

Several methods were implemented to develop a culture of reading at the school. A Sustained Silent Reading (SSR) Programme was started. For one hour every week, everyone in the school is uninterruptedly reading something they enjoy. Learners are then encouraged to share it at the end of the period. Reading research advocates this method as a tried and tested means of improving overall literacy and learner concentration. Many learners come from poor socio-economic backgrounds and have no reading materials at home. Dr Arlys and Jeanne collected magazines from friends and relatives for such learners.

Jeanne also started reading aloud to the pupils at break-times. Reading to an audience of one snowballed to a voluntary listenership of between 30 and 45 learners who do not want to leave when the bell rings. Jeanne also plays read-along stories where learners read a book while listening and following the words of the story being read on CD. This enables learners to see the language and hear it as they read and it forces them to read at a certain speed. Jeanne has also prepared song sheets which the learners read in order to take part in sing-along activities.

Dr Arlys has been demonstrating and introducing staff members to Content-based Instruction (CBI) because reading alone is insufficient if the classroom teaching does not focus on reading as a central activity. CBI is a universally recognised method used in second-language settings where the need is to achieve language acquisition and content goals simultaneously.

The project team also applied the Raubex sponsorship to provide classrooms with adequate cupboards to store books and magazines. Through this sponsorship 18 teachers also received *Readucate* (basic literacy) training to teach learners who

beskikking van deelnemers gestel om so die Nederlandse kultuur van fietsry te beleef. As jy nie geweet het hoe nie, is dosente ingespan om deelnemers wat nog nie die kuns van fietsry bemeester het nie, te leer. Sommige deelnemers het self die bul by die horings gepak en hulself leer fietsry, wat veroorsaak het dat plante en bome moes padgee. Fietse wat ryvoorrang in Nederland geniet, is 'n aardigheid waaraan Suid-Afrikaners nie gewoond is nie. Daar is nie 'n tekort aan fietsrybane in Nederland nie en wat is nou lekkerder as om in Zeist in die woud te ry? Nederlanders het die kuns al so goed bemeester dat nie eens reën in hul pad staan om fiets te ry nie – sambreel in die een hand en die ander hand op die handvatsel.

"Die uitstappie na Amsterdam was 'n ongelooflike belewenis – hoë geboue, straatmusikante, busse, fietse, trems, die Van Gogh-museum en die vaart deur bekende *grachten* soos die Prinsegracht, Herengracht, Singel- en Keizersgracht.

"Die uitstappie na die Noord-Zee (Den Haag), op die warmste dag van Nederland het my laat terugverlang na Suid-Afrika. Honderde skulpies versier die strand, maar die see is nie blou nie – die water is 'n vuil bruin-groen. My Romeense vriendin, Simona Schouten, wat Nederlands vlot kan praat en Afrikaans kan verstaan, het die uitstappie na die see terdeë geniet.

"Vakansie was dit nie heeltemal nie. Deelnemers aan die verskillende groepe het onderhoude met deelnemers van ander groepe gevoer, voorleggings gedoen oor die onderskeie deelnemers se lande, opvoerings gedoen, verslae geskryf oor ons ervarings en, asof dit nie genoeg was nie, huiswerk ook gedoen. So het drie van ons, Anna Czernik (Pole), Aiste Asmontaite-Bartaseviciene (Litaue) en ekself elke aand huiswerk gedoen. Taalverskille het vir ligter oomblikke gesorg.

"Wat studies nie alles vir 'n mens kan doen nie. Wat 'n ongelooflike ervaring!" **- Susan Esterhuizen**



3

4

5

**3. Gragte in Amsterdam.**
4. **Susan Esterhuizen.**
**5. Fietse geniet ryvoorrang in Nederland.**

FOTO'S: SUSAN ESTERHUIZEN

cannot read at all, to read.

"It has been a heartening experience to see the excitement that the books, have generated at the school. Many learners are now so excited about reading that their behaviour has changed: they voluntarily attend the readings at break. Once noisy classrooms are now hushed during the SSR periods," Dr Arlys said.

Another big plus of this intervention is that the matriculation pass rate increased by 30% last year. The researchers are hesitant to claim credit for this improvement after such a short time, but a few factors such as the results of other schools in the area that did not experience the same improvement, point out that this intervention has made a big difference. World-renowned linguists also stated that the effect of SSR should not be underestimated in gauging the reasons for this improvement.

This project has been a life-changing experience for both members of the project team. Many valuable lessons about the state of literacy and the reasons for low literacy in our schools have been learned. Above all, the project is making a real difference in the lives of the pupils at Dr Blok School, thanks to the cooperation of business and higher education. **- Dr Arlys van Wyk**





PHOTOS: SUPPLIED

**For one hour every week, everyone in the school is uninterruptedly reading something they enjoy.**

# Tokkie ewe tuis in regsgeledere **as op die water met sy jetski's**



**Tokkie Pretorius.**

Tokkie Pretorius, alhoewel 'n oud-Kovsie, is nog steeds baie betrokke by ons universiteit. Deesdae bevind hierdie voorstander van die geskiedenis en die reg hom in die direkteurstoel by die Anglo-Boereoorlogmuseum.

Tokkie is op 1 Julie 2009 as die nuwe direkteur van die Anglo-Boereoorlogmuseum aangestel. En hy droom groot drome vir die museum – dit is immers die plek waar hy wil wees as gevolg van sy groot belangstelling in museums en die verloop van die oorlog.

"Een van my visies is om die geskiedenis te vertel soos wat dit gebeur het," sê Tokkie. Hy het 'n aantal inisiatiewe by die museum geïmplementeer om hierdie visie te verwesenlik. In een van sy projekte fokus hy veral op Sol Plaatjes, 'n latere stigterslid van die ANC. 'n Personeellid is ook byvoorbeeld afgesonder om mondelinge oorlewerings oor die Anglo-Boereoorlog by die swart gemeenskap in te samel. Dr. Stowel Kessler se doktorale proefskrif gaan ook persklaar gemaak word en as die eerste wetenskaplik-verantwoorde publikasie oor die swart vlugtelingkampe uitgegee word.

Ook in die pyplyn is opvoedkundige programme waar museumvakkundiges skole besoek en aanbiedinge doen. "Die opvoedkundige program van die museum het nog altyd gehaper aan items wat jong kinders se verbeelding kon vasvang. 'n Vervaardiger van replikaspeelgoed is in die buiteland opgespoor. Van hierdie items is op bestelling en sal 'n deurslaggewende bydrae kan lewer om kinders na 'n tydsgewrig van meer as 'n honderd jaar gelede terug te verplaas," sê Tokkie.

Voordat Tokkie sy plek as direkteur van die museum ingeneem het, het hy by verskeie regsfirmas en die Vrystaat Ontwikkelingskorporasie (VSOK) gewerk. Sy pos as maatskappysekretaris van die VSOK, sowel as die hoofbestuurder van regsdienste aan hierdie instansie, is maar twee van die hoogtepunte van sy loopbaan. Tokkie het ook 'n groot rol in die ontwikkeling van VSOK se wysigingswette in 1999 en 2006 gespeel.

Dit is nie net die museum en die VSOK wat by Tokkie se regskennis baat nie. Tokkie, 'n toegelate prokureur van die Hooggeregshof van Suid-Afrika, gee op meer as een manier uiting aan sy liefde vir die regsprofessie. Hy is 'n befaamde skrywer van 'n paar regsboeke. Saam met medeskrywers soos prof. Johan Henning, dekaan van ons Fakulteit Regsgeleerdheid, en prof. Loot Pretorius van ons Departement Staatsreg en Regsfilosofie het hy *The Legal Position of Development and Corporations* die lig laat sien. "Hierdie boek was ook een van my hoogtepunte, veral omdat alle ontwikkelingskorporasies dit as 'n handboek gebruik," sê Tokkie.

Hy beoog ook 'n soortgelyke publikasie, *Die regsposisie van kulturele instellings met verwysing na die ABO-museum*. Met hierdie projek gaan Tokkie sy liefde vir die reg en kulturele instellings kombineer. Hierdie publikasie sal ook deel van die mededelingsreeks wees.

'n Ander publikasie waarmee Tokkie tans besig is, is die *Invloed van die ABO op regspleging*.

Alhoewel Tokkie vir die afgelope paar jaar in besigheidskringe in Bloemfontein rondbeweeg, het hy nog glad nie sy bande met ons universiteit verbreek nie. Inteendeel, as hy nie optree as eksaminator by die Departement Handelsreg vir die M-studente nie, is hy 'n assessor vir LLB-verhandelings. Verder is hy betrokke by die Bestuurskool as moderator vir MBA-studente. Hy gee ook deeltyds klas vir M-studente in Korporatiewe Reg.

Tokkie se suksesvolle loopbaan is die gevolg van 'n stewige akademiese fondasie. As eerstejaar – toe 'n inwoner van Reitz-kamerwonings – het hy ingeskryf vir die BProc-graad. Tokkie het uitgeblink op universiteit. Hy slaag sy LLB en later sy LLM met onderskeidings in al sy vakke en is die ontvanger van die dekaansmedalje in 1999 vir die beste LLM-student. Dieselfde jaar ontvang hy ook akademiese erekleure en die Juta-prys as die beste regstudent aan ons universiteit. Tokkie was ingeskryf vir LLD in 2005 maar moes sy studies onderbreek. Hy hervat sy studies in 2010 met 'n nuwe onderwerp wat handel oor Korporatiewe Reg met verwysing na Nasionale Erfenisinstellings.

Wanneer hy nie aan die een of ander boek skryf, klasgee of aan sy visie vir die museum werk nie, waar sal jy dan vir Tokkie aantref, wonder ek. "Op die water," sê hierdie uitblinkerman met die uiteenlopende belangstellings. Op 'n stel jetski's. **- Leonie Bolleurs**



CAPE BUDGET ACCOMMODATION

RIVERVIEW LODGE

**SPECIALISTS** IN SPORTS TOURS & LARGE GROUPS

**5 star**

**budget accommodation**

**R125/night-breakfast incl.**

**RIVERVIEW LODGE (CAPE TOWN)**

Ideal for **large/small** groups

**Conveniently** close to **UCT** and all that **Cape Town** offers

**Holiday** accommodation

**Tel** (021) 447 9056

**Fax** (021) 447 5192

**email** info@riverview.co.za

**www.riverview.co.za**

# Janine se kunswerk praat met jou

Janine Allen-Spies van ons Departement Beeldende Kunste het 'n unieke skildery met fosforverf gemaak. Haar skildery handel oor die meester-slaaf-verhouding, geïnspireer deur die Reitz-debakel. Die idee is dat, wanneer die ligte via 'n sensor afgaan, die toeskouer die geïllumineerde portrette sien. Die figure in die kunswerk huil trane wat uit die skildery drup en oor die vloerruimte na die toeskouer beweeg sodat toeskouer en skildery in 'n transmutasieproses een word.
**- Verskaf**

**Janine se kunswerke.**





# Personeel gee met oop hande en oop harte

Die afgelope winter het van die personeel by ons UV-Sasol-biblioteek die spreekwoordelike ekstra myl gestap (of is dit nou gebrei) toe hulle besluit het om aan diensingesteldheid, een van ons universiteit se waardes, ’n nuwe betekenis te gee.

“Soos wat die winter nadergekruip het, en die breinaalde tydens tee- en etenstye te voorskyn gekom het, het een van die personeellede voorgestel dat ons blokkies vir komberse brei om aan ’n liefdadigheidsorganisasie te skenk. Net die volgende dag is die breigare, breinaalde en hekelpenne gebring,” vertel Huibre Lombard, Adjunkdirekteur: Biblioteek- en Inligtingsdiens.

Alhoewel die hoofdoel van die projek was om ’n geskenk aan dié wat minderbevoorreg is te gee, het almal wat gebrei het, baat gevind. Sommige het ’n nuwe vaardigheid aangeleer, ander het nuwe patrone onder die knie gekry en boonop was dit ’n wonderlike spanbou-oefening. Die span het die vrug van hul handewerk geniet deur aan elke pasiënt by die Tshepo-huis in Bloemfontein, waar twaalf volwasse terminaal-siek en verstote MIV/Vigs-pasiënte woon, sy eie, unieke kombers te skenk. “Die projek was so lekker dat dit voortgaan, en binnekort sal ’n volgende instansie baat vind. Enige donasies is welkom,” sê Huibré.

UVPERSU het ook ’n paar inisiatiewe die lig laat sien om kollegas in nood by te staan. Die vakbond streef daarna om ’n gees van omgee, verdraagsaamheid en respek op kampus te kweek en glo dat hierdie inisiatiewe veel daartoe kan bydra. Deur die "Kollegas in nood"-inisiatief word personeel genooi om bydraes te maak in die vorm van nie-bederfbare voedsel, klere en nuttige geskenkies vir kinders van 2 tot 15 jaar.

Prof. Fief van der Merwe van ons Departement Kurrikulumstudies is ’n groot ondersteuner van hierdie inisiatief. Een van sy skenkings is aangewend om medikasie vir ’n kollega wat aan kanker ly, te koop. Ander gereelde donateurs is Christa du Plessis en Henda Henning, albei van ons Sentrum vir Hoëronderwysstudies en -ontwikkeling.

Volgens Anita Lombard, Hoof-uitvoerende Beampte van UVPERSU, is die projek uitgebrei en word daar nou ook in die winter komberse ingesamel om die nood op kampus te verlig.

“Dit is nie slegs UVPERSU-lede wat daarby baat nie, maar alle personeel wat ’n behoefte aan hulp en bystand het,” sê Anita. Die projek word deur die UVPERSU-kantoor in samewerking met die Welstandkantoor bedryf en Liesl Botha van ons Welstandkantoor tree tans as koördineerder op.

Baie van ons personeel by Beskermingsdienste werk op Kersdag en tydens die Volksblad-kunstefees. Jaarliks maak personeel en die UVPERSU-kantoor hulle beursies oop en lewer ’n bydrae om geskenke en lekkernye vir hierdie personeel wat moet werk, te koop. Vanjaar het UVPERSU ook gesorg dat hierdie personeellede heerlike warm sjokolade tussen skofte by die Kunstefees kon geniet.

Ons kampus wemel ook van diereliefhebbers en ’n projek om die lewenskwaliteit van diere wat swaar kry beter te maak, het ontstaan. “Baie diere ly geweldig in die winter en ook veral tydens die Desembervakansie. Om die Dierebeskermingsvereniging (DBV) en die Bloemfonteinse Pet Action Groep onder leiding van Judy van Zyl behulpsaam te wees met hulle goeie werk, dra die Kampus diere-ondersteuningsgroep graag by vir hierdie verdienstelike doel,” sê Anita.

Lerée, dogter van prof. Wiets Roos van ons Departement Fisika en Leruna Roos van die Billikheidskantoor, het ’n groot bydrae in hierdie opsig gemaak. Sy het ’n tyd gelede ’n fondsinsameling vir die dieregroep geloods en haar bydrae aan Judy oorhandig. Dr. Arno Hugo van ons Departement Mikrobiese, Biochemiese en Voedselbiotegnologie skenk ook gereeld vleis vir troeteldiere van behoeftige mense.

Die personeel by UV-Bemarking het ook aan die begin van vanjaar se winter ’n inisiatief geloods om kos en klere vir behoeftige persone in te samel. Twee kratte met niebederfbare kos en kartonne klere is aan me. Van Tonder van Vrystaat Versorging in Aksie oorhandig. Volgens me. Van Tonder het hierdie bydrae werklik ’n verskil gemaak, omdat hulle weekliks baie mense moet wegwys wat vra vir kos en klere. Martie Nortjé van UV-Bemarking daag ander departemente uit om ook bydraes tot maatskaplike instansies te maak.

Deur te gee het baie van ons personeel ’n groot verskil in die lewe van ’n kollega, ’n siek persoon en selfs ’n dier gemaak. Wil jy graag ’n bydrae maak? Die kontakbesonderhede van die onderskeie inisiatiewe is as volg:

- UV-Sasol-biblioteek se breiprojek: Die Sekretaresse: Biblioteek- en Inligtingsdiens, Universiteit van die Vrystaat, Posbus 301, Bloemfontein 9300
- Kollegas in Nood-fonds: Skakel Liesl Botha by 051 401 3580. Donasies kan ook by Liesl se kantoor by Kamer 265A in die George du Toit-administrasiegebou ingehandig word.
- Bydraes vir Beskermingsdienstepersoneel: Skakel Sarien by 051 401 9574.
- Steun aan die dieregroep: Kontak Sarien by 051 401 9574 of Marna by 073 411 1516.

**- Leonie Bolleurs**



**Personeel van die Biblioteek- en Inligtingsdiens trots op hul handewerk wat later ’n groot bederf vir die pasiënte by die Tshepo-huis geword het.**



**Judy van Zyl van Pet Action en Lerée Roos.**




Adresplakker

# Darwin lecture series create critical scientific reflection

The Darwin lecture series are a true reflection of our university's pursuit to create critical scientific reflection. The lecture series entitled "The story of life and survival" to celebrate 200 years since the birth of Charles Darwin, has have indeed captured the imagination of many people. Next on the list of lectures was the evolution of the information and communication technology, held in August. The lecture, presented by our Departments of Communication Science, Chemistry, Physics and Computer Science and Informatics, in cooperation with the Central University of Technology (CUT) and the National Museum, focused on communication in a manufacturing environment, the information explosion and the broadband universe. The lectures were preceded by an exhibition and demonstrations of various information and communication technologies. **- Lacea Loader**



PHOTOS: MERCIA COETZEE

**The exhibition and demonstrations were attended by about 1 000 learners from schools in and around Bloemfontein.**

# Bultjie Viva Kovsiebokke! Viva!

Soos Bultjie nou hier sit, herstel ek nog van 'n seerkeel na die skreeuery vir die Bokke wat die All Blacks *all black and blue* in die twee toetse gespeel het. En wie moet ons bedank? Vyf Kovsies in die Springbokspan! Goed, van hulle is oud-Kovsies wat natuurlik deur ander bonde gekoop is, maar hulle bly ons uitvoerprodukte. Behalwe dat Heinrich Brüssow ou Snorre lekker op sy snor laat kyk het met sy pragspel, het hy toe sommer vir hom die mooiste meisie op kampus ook gesteel. Kyk, daai Caroline Haasbroek, wat so mooi gesing het by die Kovsie-Alumni Trust se jaarfunksie, hoef nie eers te sing nie! Sy kan maar net 'lyk'. Ons het altyd daar voor die ou Malhuis op die gras gesit om te kyk wie 'lyk'. Die beroemde hartchirurg, toe nog net Mooi Susan Vosloo, het so 'n groot *bike* gery. As sy dan met daai lang bene so by die stopstraat stilhou en sy skud daai bos wit hare, het ou Toekas altyd met 'n steun gemymer: "Stil, manne! Daar gaan 'n NOMMER verby!" Nou-ja, as ek Heinrich was, en hulle stuur my oorsee vir die Springbokspan, sou ek vir Snorre bel en hom sê: "Thanks, but no thanks. Ek bly net hier by die huis, want ek het al 'n NOMMER!"

Dink julle nie ou Percy moenie so agter Ruan Pienaar loop staan as hy skop nie? Soos 'n skoolhoof agter sy rug! Ja, ek weet Percy is nie só nie, maar sy haartjies bly g*edye*! Hulle moet vir Dok Jannie du Plessis vroeër opstuur dat hy bietjie kan *operate* onder die opponente! Hy weet mos waar is die swak punte in die manne se *joints! Krok hulle, krok hulle, Dokkie!* Mammie sê wat sy van Juan Smith hou, is dat hy so 'n gentleman is en beter Engels praat as Snorre *"or sometieng to dêd iefect"* Sy reken ook as die All Blacks daai Haka gooi en Bismarck du Plessis en Boet Jannie gee hulle so 'n geamuseerde kyk asof hulle sub-A'tjies is wat 'n vloermoer vir *sweets* gooi, dan sien sy hoe swik die All Blacks se knietjies van angs. Ek weer sien so uit die hoek van my oog hoe haar knietjies swik as Francois Steyn se hare so swiep! Ai, waar's die jare toe ons nog hare gehad het? En so het julle Kovsiebokke die rektor ook toe sommer in sy eerste maand op die job uit sy Bloubultrui uit! Mooi! So gepraat van die rektor. Waar het julle al ooit gehoor van 'n rektor wat 'n personeellid bel om uit te vind of sy vrou okei is na 'n skiet-insident by haar skool? Bultjie weet van een. Hy's hier by ons! Dankie!

Ook 'n mooi gedagte van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns om die ou karperde van vermaak soos Al Debbo, Nico Carstens en die humorman, Fanus Rautenbach, te vereer. Om 'n glimlag op die volk se gesigte en huppel in die tiekiedraai te sit, is seker wat ons land nou die nodigste het. Geen sprake meer van die ou, stywe Akademie nie. Omtrent so oop soos 'n osbraai op Kromdraai – almal was daar! Met 'n gepolka en 'n riel is die 100 jaar gevier en pryse uitgedeel. Dit was 'n puik-gereëlde geleentheid en met swier aangebied deur die uittredende voorsitter, prof. Hennie van Coller en sy span.

Terug by dans en lag. Kan ons nie dat die Welstandskomitee vir ons 'n Nasionale Lagdag reël nie? Elke dosent *nominate* 'n ander dosent om haar/sy beste grap te vertel. En ons kry vir Blou Willem as Die Voorlagger en Instigeerder van Waansin. As niemand vir mekaar se grappies lag nie, het ons Plan B. Ons wys vir mekaar ons salarisstrokies!

The Volksblad Festival was a wonderful success and millions were pumped into Bloem's economy. As always, artists and the public raved about our campus facilities and services. Local artists excelled and were top of the class as always, but as Mommy says, "It's like having a good husband. You get so used to the thing that you don't notice him anymore." "Eina!" I said. "Don't worry," said she, "I'm not talking about you!" "EINA!"

I just miss the participation of Kovsie Alumni Stagedoor during the Festival! The fun the students have will be an eye-opener for visitors to see what the real Kovsie Spirit is like!

Almal mak mense! We're a *lekka ou lotjie*! A little bit *van lotjie getik*, but *lekka laf!* With 3 000 students attending Stagedoor, don't tell me it will not be a hit! 3 000 Students + 1 000 parents = 4 000 X R50 a ticket = R200 000 for bursaries for poor students next year! Smeer aan en kom, Bea! Viva Kovsies!

Liefde

Bultjie